OESTERBAAI INWONERSVERENIGING
NOTULE: VERGADERING VAN DIE DAGBESTUUR GEHOU OP 30 JULIE OM 09:30 TE BRANDERSTRAAT, OESTERBAAI

TEENWOORDIG
Walter Kurten
Fanie Groenewald
Martiens Kunneke
Hettie Jooste
Joe Meyer

OPENING & VERWELKOMING
Walter open vergadering en heet almal welkom.

Die vergadering is op versoek van Joe gereël om die volgende sake te bespreek:

OMGEWINGSAKE
- Die toerusting vir die voortsetting van die werk aan die duine is op pad. Die tender is toegeken aan 'n maatskappy van Pinetown in Natal. Daar is ongelukkig 'n oponthoud met die aflewering van die masjiene aangesien hulle nie oor die nodige permitte beskik nie.
- KM dek die koste van die masjiene vir 15 dae.
- Joe het weer saad bekom om te saai op die duine. Daar word ook beplan om so veel as moontlik vygies te plant aangesien dit maklik groei en selfinstandhoudend is.
- KM het R150 000 begroot vir instandhoudingswerk.
- Daar word beplan om pype aan te lê van die brandkrane af vir die natspuit van die plante.

PAAIE
Daar is weer heelwat werk wat gedoen moet word aan die paaie, veral in die bo-dorp en in Grunterstraat.
- Die TLB word benodig vir ongeveer 1½ dae: R3600
- 1 Vrag Crusher Run: R3500
- 10 Sakkies sement: R800
- 2 Werkers x 10 dae @ R200/dag: R4000

Goedkeuring word gegee vir R15 000 vir die voltooiing van die werk.

AFSLUITING
Walter bedank almal vir hul teenwoordigheid en deelname en die vergadering verdaag.

..... **.....**
GOEDGEKEUR **SEKRETARESSE**
VOORSITTER

DATUM:.....